# KERK IN DIE WÊRELD: GEMEENTESENTRIES OF GEMEENSKAPSSENTRIES?

Die fokus waarmee die kerk in die komende "Jaar van Hoop" die drie terreine van versoening, armoede en moraliteit aandag aan gaan gee, gaan die hele ingesteldheid en optrede van die lidmate sowel as die uitkoms van hulle aksies bepaal.

Die kerk gaan fokus op die posisie en roeping van die lidmaat in die gemeenskap. Die appèl wat van die sinodes en kommissies van die kerk uitgaan maak dit duidelik dat dit juis moet gaan om gemeenskapsake wat dringende aandag van die kerk en sy lidmate verg.

Daar is reeds twee benaderings in die beplanning van hierdie aksies wat van so aard is dat kommissies, gemeentes en lidmate bewustelik ŉ keuse sal moet maak hoe hulle hierdie sake gaan aanspreek.

Die VAM kommissie van Noord Transvaal moes alreeds in sy eie werksaamheid keuses maak waarin hy homself onderskei het van sekere ingesteldhede van die VAM kommissie van die algemene sinode.

Dit is net billik dat elke gemeente en lidmaat ook ŉ eie keuse kan uitoefen hoe hulle hierdie sake sal benader. Hierdie twee benaderings is so uiteenlopend dat indien daar nie vryheid van keuse in hierdie benaderingswyses is nie, baie gemeentes en lidmate byvoorbaat reeds vervreem sal wees van die hele aksie.

Hierdie gespreksdokument wil aan gemeentes en lidmate die twee verskillende benaderings uitwys sodat elkeen sy eie keuse in vryheid kan maak oor hoe hulle as kerk wil optree.

## VERSOENING.

### Gemeenskapsentries.

In hierdie benadering gaan versoening oor die verlede van apartheid en rassekonflik. Daar word gesien dat die kerk in skaamte sit oor sy politieke en sosiale rol van die verlede maar dat die kerk nou ŉ nuwe rol gaan opneem om aan ŉ Afrika-gesentreerde nasie te help bou.

Die versoening in hierdie benadering gaan oor die aanspreek van kulturele- en rasse verskille ter wille van ŉ nuwe Suider Afrikaanse gemeenskap. Waar die kerk homself diensbaar gaan stel om mee te werk aan hierdie nuwe gemeenskap, sal dit as versoeningsaksies gesien en voorgehou word.

Lidmate en gemeentes word met hierdie benadering in ŉ posisie geplaas van skuldbelydenis oor hulle kerklike verlede en diensbaarheid aan ŉ nuwe geïdealiseerde Suider Afrikaanse gemeenskap. Lidmate wat hieraan meedoen sal versoening ontvang en lidmate wat nie hieraan meedoen nie sal gereken word as lidmate wat nie versoening ken nie.

Die kern van hierdie benadering sal egter nie soseer op gemeenskapsake fokus nie maar eerder daarop om te werk aan ŉ nuwe kerklike gemeenskap wat as rolmodel moet dien vir die nuwe Suider-Afrikaanse gemeenskap.

Hierdie versoeningsbenadering sal uitloop op die hou van openbare geleenthede en eredienste waarin ʼn nuwe eenheid as versoening gedemonstreer word.

**Gemeentesentries.**

In hierdie benadering word alle lidmate aanvaar as versoendes deur die kerklike vergaderinge. Lidmate se versoening word nie bepaal oor watter ingesteldheid hulle oor die verlede en nawerking oor die apartheidsbeleid het nie, maar deur hulle geloof in Jesus Christus.

Omdat hulle leef in die versoening van Jesus Christus sal daar op hulle ʼn appèl gemaak word vir gehoorsaamheid aan die Here en sy gebooie. Uit die krag van die versoening wat hulle deel is in Jesus Christus is juis hulle toegerus om te werk vir ʼn gemeenskap van wet en orde uit hulle innerlike toewyding aan die wet van die Here.

Om as versoendes hulle posisie in die gemeenskap op te neem sal die kerk fokus op wet en orde. Alle gemeenskapsake waarin onreg en ongeregtigheid heers sal deur die kerk en deur sy lidmate aan die orde gestel word.

In hierdie benadering is daar geen onderskeid tussen voor en teenstanders van versoening binne die kerk nie. Geen lidmaat kan homself distansieer van die kerk wat reg en geregtigheid voorhou in ʼn wettelose gemeenskap nie. In hierdie benadering kan ook geen ongelowige as ʼn medewerker aan versoening aanvaar word nie. Wie nie in Jesus Christus glo is nie versoen nie, nie met God of ʼn gelowige nie.

ʼn Gemeente-sentriese benadering waarin die gemeentes en die lidmate as versoendes aanvaar word, gaan juis die lidmate in ʼn posisie plaas om in alle gemeenskapsake te soek na reg en geregtigheid, anders as ʼn benadering wat gaan uitloop op demonstrasies van rasse-eenheid in eredienste.

**ARMOEDE.**

**Gemeenskapsentries.**

In hierdie benadering word die armoede vraagstuk as ʼn gemeenskapsvraagstuk aan die orde gestel en dan ook met ʼn baie definitiewe ideaal van wat die Suid Afrikaanse gemeenskap sou wees.

In hierdie houding moet lidmate armoede sien as ʼn aksie waarin die "armstes van die armes" in die fokus staan. Volgens hierdie definisie sal dit baie min, indien enige NG lidmaat insluit. Die "armstes van die armes" is mense wat volgens definisie uit die "agtergeblewenes" bestaan.

Hierdie benadering verwag dat die kerk en lidmate op gemeenskapsforums sal gaan dien waar die NG kerk moet opgaan in multi-kulturele en multigodsdienstige aksies in belang van die "armstes van die armes". Wat armoede vir die "armstes van die armes" is sal die fokus van die kerk se dienswerk word.

Lidmate word in hierdie uitgangspunt gesien as mense wat gratis gemeenskapsdiens in die land moet lewer.

**Gemeentesenties.**

In hierdie benadering is daar nie ŉ politieke en sosiale vooropgesette definisie van wie arm is en wie nie arm is nie of watter tipe armoede aangespreek word nie.

In hierdie uitgangspunt gaan dit oor broers en susters, medegelowiges, wat mekaar se nood – in enige vorm en van welke aard ook al – raaksien en daarby betrokke raak.

In hierdie aksies waarin alle nood as nood aanvaar word, word almal wat vra en almal wat wil deel in die noodlening van die kerk vir sy lidmate ingeskakel by ŉ kerklike aksie ongeag hulle politieke of sosiale verlede.

In hierdie benadering word ook met alle gemeenskapsdienste saamgewerk in soverre as wat dit die nood in die gemeentes tot diens is en nie anders om nie.

In hierdie benadering word van lidmate gratis diens aan die gemeente en nie aan die gemeenskap verwag nie.

**MORALITEIT.**

**Gemeenskapsentries.**

In hierdie benadering word veronderstel dat moraliteit is ŉ saak van inligting en opvoeding. Die oorsaak van die immoraliteit is sosio-ekonomies. Die oplossing is om inligting en opvoeding beskikbaar te stel.

Hierdie benadering veronderstel dat as die armoede en rasseverskille aangespreek is, die kern van die moraliteitskrisis aangespreek is.

Daarom sal daar weer in multikulturele en multigodsdienstige forums aan sake soos onderwys en opvoeding gewerk word deur die ingeligtes en opgevoedes wat uitreik na die oningeligtes en onopgevoedes.

**Gemeentesentries.**

Moraliteit in hierdie benadering is ŉ geloofsaak: wie in Jesus Christus glo is innerlik verbind tot ŉ lewe wat soek na die een en enige wil van God. Wie nie in Jesus Christus glo nie is innerlik nie aan die wil van God verbonde nie.

In hierdie benadering is die immoraliteit nie ŉ sosio-ekonomiese probleem nie, maar ŉ sondeprobleem. In sonde is daar geen sosio-ekonomiese groepering van mense nie. Sonde het ook nie ŉ sosio-ekonomiese oorsprong nie. Die sonde lê in die mens se opstand teen Jesus Christus as die een en enigste Here en Verlosser.

In hierdie benadering gaan dit om die bediening van die evangelie vanuit die gemeente aan alle sondaars – nie net sondaars wat arm, oningelig of onopgevoed is nie.

ds. PJ Kriel